AFKONDIGINGS 2019

h.v. Judith- en Leastraat, Waterkloof Glen, Pretoria
Tel: 012 993 5437 • e-posadres: info@oosterlig.co.za • www.oosterlig.co.za

Ons wil toesien dat almal na Christus toe kom net soos hulle is, getransformeer word en 'n verskil maak in die wêreld

Sondag, 20 Januarie - Nagmaal
Kweek Slegte Gewoontes #2
08:15 Roedolf Botha
10:00 Roedolf Botha

Communitas
17:30 Roedolf Botha

Sondag, 27 Januarie
Kweek Slegte Gewoontes #3
08:15 Anton Badenhorst
10:00 Anton Badenhorst - Doop

Communitas
17:30 Anton Badenhorst

DOOPKURSUS

Die eerste doopkursus vir 2019 vind plaas op Donderdagaande van 7 - 21 Februarie.

19:00 – 20:30 in die Oranjesaal, Caritas. R650 per paartjie.

Vir meer inligting kontak Annatjie by annatjie@oosterlig.co.za of 012 993 5437.

CONNECT@OOSTERLIG

Hierdie kursus is spesiaal gerig op ons nuwelinge. Dit is 'n geleentheid om deel te word van Oosterlig, meer te leer van die gemeente se hart en om jou geestelik te laat groei.
Die eerste kursus vir 2019 begin 7 Feb. - 14 Maart om 19:00 in Communitas.
Vir meer inligting of om in te skryf kontak Tanya by tanya@oosterlig.co.za of 012 993 5437.

PRETORIA-oosterlig

BABA-BEDIENING

Sodra ouers met 'n nuwe kleinding uit die hospitaal kom, is daar baie dinge wat verander en aandag moet kry. Etes is die laaste ding waaraan gedink word.

Die Baba-bediening wil graag hier 'n verskil maak, deur ten minste vir die eerste vyf dae nadat die mamma uit die hospitaal gekom het, etes vir die gesin te voorsien.

Swanger mammas word hartlik uitgenooi om van hierdie diens gebruik te maak en betyds die nodige reëlings met die Koördineerder te tref. Ons wil baie graag help!

Kontak Elize Erasmus 076 166 2966; erasmus6e@gmail.com

MEEGEVOELRUIMTE

Die dood is 'n deel van die lewe wat 'n mens nie altyd weet hoe om te hanteer nie. Ons wil graag 'n spesiale ruimte skep waar enige iemand die geleentheid kry om stil te word, 'n kers in herinnering van iemand aan te steek en dalk 'n boodskap te skryf. Maak gerus 'n draai in die voorportaal by Hugostraat.



Bly op hoogte

Besoek ons by:

www.oosterlig.co.za

BID SAAM

- Oom Eugene Kruger (082 396 9611) met die tuisversorging van tannie Florence
- Jeanette Butler (082 588 2867) is ernstig siek en ontvang versorging.
- Kobus Prinsloo (082 820 9392) se vrou is ernstig siek en ontvang behandeling
- Manie Greyling (Miemie – 083 630 9414) sterk aan in Midstream-kliniek na 'n terugslag.

MEEGEVOEL MET

- Ben-Carel en Riekie (072 283 3133) van Aswegen met die afsterwe van Riekie se ma, tannie Sannie Oberholzer.

En Route

Romeine

6 Februarie tot 13 Maart 2019
19:00
Communitas
R150 per persoon

Geen bespreking is vooraf nodig nie.
Inskrywings word die aand gedoen.

Vir meer inligting of om in te skryf
kontak Tanya by
tanya@oosterlig.co.za
of 012 993 5437.

Huwelikskursus

Die huwelikskursus is vir toekomstige bruidspaartjies, sowel as paartjies wat al lank getroud is.

Die Kursus begin op 6 Februarie om 19:00 in die Oranjesaal en duur tot 6 Maart.

Koste: R650 per paartjie (Aandete ingesluit)

Om in te skryf kontak Hanlie by
hanlie@oosterlig.co.za
of 012 993 5437.

Maandelikse Bydrae

Bankbesonderhede:
NG Gemeente Pretoria-Oosterlig
ABSA-tjekrekening: 540 590 400
Takkode: 632005

Alle Boufondsdonasies

ABSA-Geldmarkfonds: 920 468 7304
Takkode: 632005
Verwysing: Naam en Van

SNAPSCAN
Eredienskollekte